# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 23

Vraag 59: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

Antwoord: Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is.

Vraag 60: Hoe is jy regverdi
voor God?

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in J Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie od swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat g gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonde e verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoeg g, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk. Dit reken Hy my of ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoo heid volbring het wa vir my vol n hierdie weldaa k deel vir sover



Vraag 61: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?

Antwoord: Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is. En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie.

Vraag 59: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?



Antwoord: Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is.

Habakuk 2:4: Kyk, hy wat nie opreg is nie, kwyn weg – maar die regverdige – deur sy betroubaarheid sal hy lewe.

Johannes 3:36: Wie in die Seun glo, het die ewige lewe, maar wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie: inteendeel, die toorn van God bly op hom."

Romeine 1:17: Want daarin word geopenbaar dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus, soos daar geskryf staan: "Die regverdige op grond van geloof sal leef."

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus,



Romeine 3:21-22: Maar nou word die geregtigheid van God, waarvan die Wet en die Profete getuig, sonder die wet bekend gemaak. Hierdie geregtigheid gee God deur die geloof in Jesus Christus aan almal wat glo. Want daar is geen onderskeid nie:

Romeine 3:24: en tog word hulle goedgunstig op grond van sy genade vrygespreek deur die bevryding in Christus Jesus

Romeine 5:1-2: Omdat ons dan nou op grond van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in geloof ook toegang verkry tot hierdie genade waarin ons vasstaan, en ons beroem ons op die hoop om deel te kan hê aan die heerlikheid van God.

Galasiërs 2:16: en tog weet ons dat 'n mens nie op grond van die uitvoering van die wet geregverdig kon word nie, maar slegs deur die geloof in Jesus Christus.

Efesiërs 2:8-9: Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand op iets mag roem nie.

Filippense 3:9: en in Hom bevind kan word – nie met my eie geregtigheid op grond van die wet nie, maar met die geregtigheid deur geloof in Christus, die regverdiging wat van God kom, deur die geloof

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?



Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie

Romeine 3:9: Wat dan? Is ons beter daaraan toe? Hoegenaamd nie! Want ons het alreeds tevore Jode sowel as Grieke daarvan aangekla dat almal onder die sonde is;

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?



Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is

Romeine 7:23: maar ek sien 'n ander wet wat in my ledemate oorlog voer teen die wet van my verstand en my krygsgevange neem deur die wet van die sonde wat in my ledemate is.

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?



Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant

Deuteronomium 9:6: Jy moet besef dat dit nie op grond van jou regverdigheid is dat die HERE jou God vir jou hierdie goeie land gaan gee om dit in besit te neem nie, want jy is 'n hardnekkige volk.

Esegiël 36:22: “Daarom, sê vir die huis van Israel, ‘So sê my Heer, die HERE: “Nie ter wille van julle doen Ek dit nie, huis van Israel, maar slegs ter wille van my heilige Naam, wat julle ontheilig het onder die nasies waarheen julle gegaan het.

Romeine 4:4: Iemand wat werk, se loon word nie as 'n guns gereken nie, maar as iets wat hom toekom.

2 Korintiërs 5:19: Daarom, of ons reeds inwoon, of nog nie inwoon nie, streef ons daarna om vir Hom welgevallig te wees

Titus 3:5: het Hy ons verlos – nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming – by wyse van die afwassing deur die weergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees,

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?



Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade

Romeine 3:24: en tog word hulle goedgunstig op grond van sy genade vrygespreek deur die bevryding in Christus Jesus

Efesiërs 2:8: Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God.

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?



Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening,

1 Johannes 2:2: En Hy is die versoening vir ons sondes – nie net vir óns sondes nie; maar ook vir dié van die hele wêreld.

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?



Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk.

Romeine 4:4: Iemand wat werk, se loon word nie as 'n guns gereken nie, maar as iets wat hom toekom.

Romeine 5:17: Want as deur die oortreding van die een mens die dood deur daardie een mens begin heers het, sal hulle wat die oorvloed van God se genade ontvang, ja, die gawe van sy regverdiging, nog soveel eerder deur die een mens, Jesus Christus, in die lewe regeer.

Romeine 8:15: Julle het immers nie 'n Gees ontvang wat verslawing bring, sodat julle weer bang hoef te wees nie; nee, julle het die Gees ontvang wat bevestig dat ons tot kinders aangeneem is, en deur Hom roep ons “Abba, Vader!”

Romeine 8:32: Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het – hoe sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie?

1 Korintiërs 4:7: Want wie ag jou belangrik? En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie? As jy dit dan ontvang het, waarom beroem jy jou daarop asof jy dit nie ontvang het nie?

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?



Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk.

2 Korintiërs 5:19: Dit bestaan daarin dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle nie hulle oortredings toe te reken nie; en Hy het aan ons die boodskap van versoening toevertrou.

1 Johannes 2:1: My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, sodat julle nie moet sondig nie; en wanneer iemand sondig, het ons Jesus Christus, die Regverdige, as Parakleet by die Vader.

Parakleet: Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

2 Petrus 1:3-4: Sy goddelike krag het ons immers reeds alles gegee wat ons nodig het vir 'n godvresende lewe, deur die kennis van Hom wat ons deur sy majesteit en goddelike krag geroep het. Hierdeur het Hy sy kosbare en grootse beloftes reeds aan ons gegee, sodat julle deel kan kry aan die goddelike natuur, noudat julle ontvlug het aan die verdorwenheid wat deur begeerte in die wêreld teenwoordig is.

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?



Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het.

2 Korintiërs 5:21: Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons tot sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God geregverdig kon word

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?



Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem.

Johannes 3:18: Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie, maar wie nie glo nie, staan reeds veroordeel omdat hy nie in die Naam van die unieke Seun van God geglo het nie.

Romeine 3:22: Hierdie geregtigheid gee God deur die geloof in Jesus Christus aan almal wat glo. Want daar is geen onderskeid nie:

Vraag 61: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?



Antwoord: Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is.

1 Korintiërs 1:30: Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom, regverdiging sowel as heiliging en bevryding.

1 Korintiërs 2:2: Ek het besluit om by julle van niks anders te weet nie as van Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.

Vraag 61: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?



Antwoord: Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is. En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie.

1 Johannes 5:10: Wie in die Seun van God glo, besit die getuienis in homself; wie God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy nie die getuienis geglo het wat God oor sy Seun gelewer het nie.

Vraag 59: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

Antwoord: Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is.

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus, so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem.

Vraag 61: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?

Antwoord: Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is. En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie.

## SONDAG: 23 - VRAAG EN ANTWOORD: 59

Vraag: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

Antwoord: Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is[1]

1 Habakuk 2:4: Johannes 3:36: Romeine 1:17

## SONDAG: 23 - VRAAG EN ANTWOORD: 60

Vraag: Hoe is jy regverdig voor God?

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus[1], so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie[2] en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is[3], God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant[4], uit louter genade[5] die volkome genoegdoening[6], geregtigheid en heiligheid van Christus skenk[7]. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het[8]. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem[9].

1 Romeine 3:21-22: Romeine 3:24: Romeine 5:1-2: Galasiërs 2:16: Efesiërs 2:8-9: Filippense 3:9
2 Romeine 3:9
3 Romeine 7:23
4 Deuteronomium 9:6: Esegiël 36:22: Romeine 4:4: 2 Korintiërs 5:19: Titus 3:5
5 Romeine 3:24: Efesiërs 2:8
6 1 Johannes 2:2
7 1 Korintiërs 4:7: 2 Korintiërs 5:19: Romeine 4:4: Romeine 5:17: Romeine 8:15: Romeine 8:32: 1 Johannes 2:1: 2 Petrus 1:3-4
8 2 Korintiërs 5:21
9 Johannes 3:18: Romeine 3:22

## SONDAG: 23 - VRAAG EN ANTWOORD:61

Vraag: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?

Antwoord: Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is[1]. En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie[2].

1 1 Korintiërs 1:30: 1 Korintiërs 2:2
2 1 Johannes 5:10